**Bybelse inspirasie vir ons getroue vrywilliger,vennoot & vriend**
**"Dit is nou die tyd om na My wil te vra sodat Ek kan kom en weldade oor julle uitgiet" Hosea10:12**



Met die vakansie voor die deur en die vooruitsig van see, sand, ontspan en luilekker dae in die somerson dink ek onwillekeurig aan al die tyd wat spandeer gaan word deur die vissermanne (jonk en oud , gesout en onervare) wie geduldig gaan wag vir 'n byt!Hulle is bereid om te wag...maar is ek en jy oor die algemeen bereid om te wag ?



Hierdie maand se inspirasie vertel van "wag" en kom uit Bob Gass se pen waar hy praat van **'Learning to "wait well".'** Hier volg 'n uittreksel: **"In her book, *When God,When?*, Joyce Meyer says, "God has taught me to keep living the life I now have, while I'm waiting for the things that are in my heart to come to pass. We can become so intent on trying to birth the next thing, that we neither enjoy nor take care of things at hand. Learn to enjoy where you are, while you're waiting to get to where you want to be." You'll spend more time in life waiting than you will receiving. And when you receive what you're waiting for, you'll begin waiting for something else. That's life! If you don't learn to "wait well" you'll live with endless frustration. Waiting well is what will deliver your dream."**

**Hoe moet ek wag?** **1. God weet wanneer die beste tyd is**: God alleen ken die seisoen wanneer jy gereed is. Gal 6:9 "laat ons dan nie moeg word om goed te doen nie, want as ons nie verslap nie, sal ons op die bestemde tyd ook die oes insamel." Die bestemde tyd is wanneer God weet jy gereed is, nie wanneer jy dink jy is nie! **2.God maak sekere afsprake vir jou!** Hierdie afsprake maak Hy om sekere dinge in jou lewe te laat gebeur, dus kan jy maar rustig wees en geduldig wag...want dis eers dán wat dit sal gebeur - en nie voor die tyd nie. **3.God weet wat jy nodig het :** Hy weet ook hoe om dit vir jou te laat kry. Al wat Hy vra is dat jy Hom sal vertrou Psalm 31:15-16 "Maar ek vertrou op U,Here, ek sê:U is my God. My tye is in U hand"

Niemand was besiger as Jesus nie, tog was Hy nooit haastig nie.Hy het baie meer gehad om te doen as jy, tog het Hy dit nooit gedoen op 'n manier wat die verhouding tussen Hom en Sy Vader skade aangerig het nie. Hy het liefde gegee waar dit nodig was. MAAR Hy het gereeld onttrek en tyd spandeer met God in afsondering en gebed. Die stoel op die foto moet jou uitnooi die maand om **"kom julle alleen na 'n stil plek toe en rus 'n bietjie" Markus 6:31.**.om Jesus te volg is nie 'n resies nie; jy kannie vinniger beweeg as die Een wat lei nie! Word rustig, spandeer tyd met God!



**Dankie vir elk se insette in Hope Explosion Youth Ministries se bediening; hetsy gebed, finansies, ondersteuning of omgee, ons waardeer dit ! Hou ons in jul gebede vir wysheid elke dag. Celeste Steinmann 082 322 5299**